MIDSTREAM RIDGE
EXCELLENTIA

# RAKER

- **R** – Respek / Respect
- **A** – Authentic / Oorspronklik
- **K** – Kreatief / Creative
- **K** – Kommunikasie / Communication
- **E** – Entoesiasme / Enthusiastic
- **R** – Responsibility / Verantwoordelikheid

> Daar is geen hysbak na sukses nie. Jy moet die trappe neem.

## Uit die Hoof se Kantoor

Graag wil ek net 'n oomblik neem om my opregte dankbaarheid uit te spreek vir u ondersteuning en toewyding gedurende hierdie kwartaal. Die toewyding van personeel, ouers en ons leerders lei tot deurlopende groei van die leerders op alle fronte in die skool.

Ek is ontsaglik trots op ons Netbal- en Rugbyspelers wat in beide hierdie dissiplines, uitgeblink het. Hulle het uitsonderlike vaardighede en vasberadenheid gedurende die seisoen getoon. Die ouers se aanmoediging en leiding het tot drie van ons leerders wat top eerbewyse in beide sportsoorte behaal het, gelei.

Hiermee, my opregte waardering vir u onskatbare bydrae as ouers.
Saam het ons 'n grondslag gelê vir voortgesette prestasies in die toekoms.

Ons bedank die personeel vir hul harde werk en toewyding.
Ons sien met verwagting uit na ons Hokkie- en Krieketseisoen.

## INLIGTING




### MANDELADAG

Op Vrydag, 21 Julie 2023, vier ons Nelson Mandeladag by *Midstream Ridge Laerskool*. Op dié dag sal elke kind 67 minute van sy/haar tyd afstaan om HOOP aan duisende mense te bring. Die doel: om bewustheid te kweek by elke leerder, sodat ons 'n groot verskil kan maak met 'n klein mate van bedagsaamheid. Volg asseblief **DIE SKAKEL** vir meer inligting:

# Rakker-Sterre

Baie geluk aan **Adoré Oosthuizen**, wat as die kaptein van die **o.12 Gauteng-Skolenetbalspan** aangewys is. Hulle neem aan die SA-toernooi, wat van 25 tot 28 Junie by *Hoërskool Concordia* plaasvind, deel.








Baie geluk aan **Zara Pappalardo** en haar perd, Rooigras Elle, wat gekies is om aan drie Gauteng Ope Spanne tydens die *SA-Kampioenskappe* deel te neem. Dié kampioenskappe vind van 28 Junie tot 2 Julie 2023, by *Kyalami Equestrian Park* plaas. Ons wens haar alle sterkte toe.





# SPORT

## KRIEKET



**MRP-KRIEKETWEEK**

Maandag, 26 Junie tot Donderdag, 29 Junie: o.9; o.10 & o.11 (Seuns)
Maandag, 03 Julie tot Donderdag, 06 Julie: o.12 & o.13 (Seuns & Dogters)
Klik asseblief op die onderstaande skakels vir meer inligting:

**MRP Krieketweek**

**OEFENING**

Krieketoefening het op Maandag, 05 Junie 2023, begin.

| Ouderdomsgroep | Maandag | Woensdag | Donderdag |
|---|---|---|---|
| Seuns o.9 | 14:00 - 15:30 | Geen oefening | 14:00 - 15:30 |
| Seuns o.10 | 14:00 - 15:30 | 14:00 - 15:30 | Geen oefening |
| Seuns o.11 | 14:00 - 15:30 | 14:00 - 15:30 | Geen oefening |
| Seuns o.12 | 15:20 - 16:50 | 15:20 - 16:50 | Geen oefening |
| Seuns o.13 | 15:20 - 16:50 | 15:20 - 16:50 | Geen oefening |
| Dogters o.12 & o.13 | 15:20 - 16:50 | 15:20 - 16:50 | Geen oefening |



## SPORTKOUSE

Ons is opgewonde om *Midstream Ridge Laerskool* se eie *Versus*-kouse bekend te stel. Klik asb. op die onderstaande skakel vir die nodige inligting en bestellings:


***VERSUS*-KOUSE**




## MINI-HOKKIE

Mini-Hokkie-oefening begin op Maandag, 19 Junie 2023. Alle leerders van graad 1 tot 3 is welkom. Volg asseblief die onderstaande skakel vir belangrike inligting rakende datums van oefeninge en wedstryde. Vir verdere navrae kontak gerus vir juffrou Elmunde Venter by elmundev@midstreamridgeprimary.co.za

**MINI-HOKKIE**






*Midstream Ridge Laerskool* gaan weer hierdie jaar vir CHOC met *Flip Flop-dag* ondersteun. Die R10-kontantskenkings vir CHOC kan aan die registeronderwysers gegee word waarop die leerder 'n pen sal ontvang. Dit is heeltemal vrywillig en geen leerder is verplig om deel te neem nie. Leerders wat besluit om nie aan Flip Flop-dag deel te neem nie, mag hul skoolskoene soos gewoonlik dra.






# MUSIEKSENTRUM

Baie dankie en welgedaan aan ons uitmuntende musieksentrum wat op Saterdag, 3 Junie 2023, hul eerste *Proms*-Aand gehou het.
Dit was voorwaar 'n pragtige geleentheid. Ons is uiters trots op ons musiekonderwysers en hul musiekstudente.








## BLGG STUDIEMETODEKURSUS

Druk asseblief op die skakel vir inligting rakende 'n uitgebreide studiekursus vir gr. 4-7 leerders:

**BLGG STUDIEKURSUS**